

9 November

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:7-14

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:13a; Heidelbergse Kategismus Sondag 15

Bevryding deur Christus se lyding

"Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word."

Baie word deesdae gemaak van die effek wat vloeke op 'n mens se lewe kan hê. Bepaalde gedrag, voorwerpe (bv. Afrika-maskers of Boedda-beelde), boeke (soos kinderverhale oor hekse en feë) en die TV kan 'n vloek oor jou huis of lewe laat kom, wat allerhande teenspoed en ongeluk meebring. Daar is selfs sprake van "bloedlyn-vloeke" (wat deur jou voorgeslagte se optrede veroorsaak is) waarvan jy miskien onbewus is, en wat die eintlike rede is waarom jy nie suksesvol, gesond, ryk of gelukkig is nie. Om hierdie vloeke te besweer, moet 'n gekwalifiseerde persoon op die voorgeskrewe manier deur formules en gebede jou huis "reinig". Van die voorwerpe moet op spesifieke maniere ontslae geraak word (verbrand/stukkend gekap/begrawe). Alles loop uit op 'n hele wetboek vol reëls en regulasies, vol moets en moenies vir 'n "vloekvrye" lewe.

Laat ons dadelik bevestig dat alle mense van nature deur die sonde vervloek is. Dit geld vir die erfsonde, sowel as die eie sondes (bewus en onbewus) wat ons self nog elke dag pleeg. Dit moet ook duidelik wees dat bepaalde lektuur, TV-programme, webwerwe en sondige gedrag, saam met die slegte voorbeeld van voorgeslagte, 'n uiters negatiewe invloed op 'n mens se lewe kan hê. Al God se kinders moet in hierdie wêreld baie versigtig en volledig aan God toegewy lewe.

Die lewe van 'n gelowige staan egter nie onder beheer van enige vloek nie. Gelowiges moet hulle ook nie uit angs vir vervloeking slawe laat maak van 'n nuwe stel wette, reëls en gedragsvoorskrifte nie. Al verdien ons inderdaad die lewe van vervloektes, mag ons vas glo dat alle vloeke aan die kruis volledig deur Jesus gedra is en dat God ons om hierdie rede wil seën. Soos die Nagmaalformulier dit stel: "Hy het ons vervloeking op Hom geneem om ons met sy seën te vul." Wie in hierdie Jesus glo en Hom getrou navolg, beleef inderdaad God se bevrydende en seënende teenwoordigheid – in tye van voorspoed en ook in tye van teenspoed.

Sing: Psalm 128-1:1, 4

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)